

Donderdag 31 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 5:13-20

Fokusgedeelte: Jakobus 5:16b

Lewende geloof is lewende Christusdade: Wie waarlik gemeenskap met jou Vader het, weet by Hom is niks onmoontlik nie

Die kroon van jou dankbaarheid is jou gebed. Onder alle omstandighede leer Jakobus die weg na God toe in die gebed is om rus vir jou gemoed te kry. Rus, omdat jou hemelse Vader in Jesus Christus weet wat reg is en wanneer om dit vir jou gee.

Gebed met medisyne en gebed sonder medisyne. Gebed onder lyde, gebed onder die sprankel van lof as dit met jou goed gaan. Jou eie gebed en die gebed van andere vir jou en jounes vir andere. Immers: die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag. Daarmee word die uitwerking van die regverdige se gebed belig. Die gebed sal die kranke oprig, die Here sal hom oprig en die sonde sal vergewe word.

Wat jy baie goed moet onthou, is dat die eie gebed en die gebed vir andere uit die hart moet kom van iemand wat waarlik in die Here glo en wie se lewe getuig van lewe uit die geloof. Die gebed van elkeen wat die Here van harte dien, het groot krag omdat hulle in Jesus Christus regverdige is.

Niemand darf voorbidding vir ander en smeking vir jouself onderskat nie. Daarby kom die ouderlinge wat opreg in die gemeente regeer en met vermaning en aanmoediging vir God se kinders intree. Die oliesalf wys op olyfolie wat reinigende en genesende krag het. Dit sê vir ons dat gebed en die genadesorg van God in medisyne hand-aan-hand gaan om gesond te maak.

Onthou Jakobus se vermanende woord: Wie bid, moet in die geloof bid, sonder om te twyfel (Jak. 1:6). Die Here Jesus leer ons: Julle Vader weet wat julle nodig het voordat julle vra. En: Bid en vir julle sal gegee word (Matt. 7:7). Die opgestane Here Jesus Christus tree vir jou by jou Vader in.

Sing: Psalm 18:13 (1936)

Ds. SD (Vasie) de Kock (Emeritus)